**IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA**
**(ORANJE-VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

Hersiening Nr. SR54/2004

In die spesiale hersiening tussen:

**DIE STAAT**

en

**MANOSI ISAAC SEOOE**

---

**CORAM:** **VAN COPPENHAGEN et WRIGHT, RR**

---

**UITSPRAAK DEUR:** **VAN COPPENHAGEN, R**

---

**GELEWER OP:** **20 MEI 2004**

---

[1] Die beskuldigde het in die Landdroshof, Hennenman tereggestaan op twee klagtes en was op 16 Oktober 2003 op gemelde klagtes skuldig bevind.

In die eerste klagte was dit hom ten laste gelê dat hy ter oortreding van artikel 65(1)(a) gelees met artikels 1, 69, 73 en 89(2) van Wet 93 van 1996 op 25 Mei 2003 op ’n openbare pad ’n voertuig bestuur het terwyl hy onder die invloed van alkoholiese drank was. In die tweede klagte was dit hom ten laste gelê dat hy op 25 Mei

2003 ter oortreding van artikel 63(1) gelees met artikels 1, 63(2) en (3), 69, 73 en 89(5) van Wet 93 van 1996 'n voertuig roekeloos op 'n openbare pad bestuur het.

Vir die oortreding in die eerste klagte was die beskuldigde gevonnis tot R1 500,00 of 80 dae plus vyf maande gevangenisstraf opgelê wat voorwaardelik opgeskort was.

Vir die oortreding in die tweede klagte was beskuldigde gevonnis tot 'n boete van R1 500,00 of 50 dae gevangenisstraf.

[2] Op 25 Mei 2003 om ongeveer 18h30 het Andries van der Linde, klaer, in sy 1996 Mazda 323 voertuig wat aan die kant van die pad onder straatligte parkeer was in Hennenman gesit toe beskuldigde met sy swaer se Golf teen die regterkant daarvan gebots het. Klaer het die voertuig wat deur die beskuldigde bestuur was te voet gevolg tot by 'n motorhawe waar dit gestop het en die beskuldigde wat dronk was agter die stuurwiel gevind. Latere toetse het getoon dat die beskuldigde 'n alkoholkonsentrasie van ,34 gram per 100ml bloed in sy are gehad het.

[3] Na skuldigbevinding en vonnis het 'n prokureur die houdbaarheid van die skuldigbevinding bevraagteken en die Landdros het hom gerade

geag om die saak vir hersiening voor te lê met die versoek dat oorweeg sal word of die skuldigbevinding nie ’n vermenigvuldiging is nie.

[4] Die oorkonde van die verrigtinge was aan die Direkteur van Openbare Vervolgings, Vrystaat, vir kommentaar voorgelê. Volledige kommentaar deur adv. D.G. Claassens van gemelde kantoor – waarvoor hy bedank word – was voorgelê. Die gevolgtrekking is inderdaad dat ’n vermenigvuldiging van skuldigbevindings plaasgevind het.

[5] Die beslissing **S v ENGELBRECHT 2001 (2) SASV 38 (K)** en **S v WEHR 1998 (1) SASV 99 (K)** was deur die Landdros in sy voorlegging as die rede vir sy versoek genoem.

[6] As rigtinggewende vertrekpunt in die beslegting van die onderwerp aan die orde kan geput word uit die *dictum* in **S v BENJAMIN EN ‘N ANDER 1980 (1) SA 950 (A) te 956E-H**:

> “Hierdie Hof het telkemale daarop gewys dat ons regspraak nog nie daarin geslaag het om ’n algemene vaste reël of beginsel of toets te formuleer waarmee daar in alle gevalle met sekerheid bepaal kan word of ’n mens in ’n besondere geval met ’n onbehoorlike splitsing van aanklagte te doen het of nie. Om te beslis of daar in ’n bepaalde geval

’n onbehoorlike splitsing van aanklagte is, maak ons Howe veral van twee praktiese hulpmiddels gebruik, nl:

(1) waar meerdere handelinge plaasgevind het, of hulle met ’n enkele opset verrig is as ’n voortgesette gebeurtenis,

(2) waar die getuienis om die een aanklag te bewys ook meteen die ander aanklag bewys.

Hierdie twee praktiese hulpmiddels kan ook afsonderlik of gesamentlik toegepas word. Dog selfs hierdie twee praktiese hulpmiddels is nie noodwendig deurslaggewend nie, soos aangetoon deur hierdie Hof in ***R v Kuzwayo*** 1960 (1) SA 340 (A) te 344A en ***S v Grobler en ‘n Ander*** 1966 (1) SA 507 (A) te 511H. Wat veral in gedagte gehou moet word, is dat daar steeds gelet moet word op die besondere omstandighede van die betrokke geval om vas te stel of daar ’n onbehoorlike splitsing van aanklagte is wat ’n duplikasie van skuldigbevindings meebring sodat die beskuldigde twee maal vir dieselfde strafbare feit of misdaadelement gestraf word. Raadpleeg veral ***Ex Parte Minister of Justice; In re R v Moseme*** 1936 AD 52 te 59; ***Kuzwayo*** se saak *supra* te 343H; ***Grobler*** se saak *supra* te 511-512; ***S v Prins en ’n Ander*** 1977 (3) SA 807 (A) te 813-814.”

[7] Na ’n volledige bespreking van verskeie sake wat in drie kategorieë opgedeel was, spreek Knoll, R in **S v ENGELBRECHT** (*supra*) te **46H-47A** die wese van sake soos die onderhawige aldus aan:

"I turn now to consider the facts of the instant case.

It is appropriate to start by reference to the essential elements of each of the two offences drunken and reckless driving.

The elements of the offence drunken driving are the following:

> "That the accused (i) drove; (ii) a vehicle; (iii) on a public road; (iv) while under the influence of liquor or drugs; (v) *mens rea*".

(Milton ***South African Criminal Law and Procedure*** vol III: Statutory Offences at 43 G3/61.)

The *mens rea* referred to has been held to include *culpa*. (See ***S v Fouche*** 1973 (3) SA 308 (NC) and 1974 (1) SA 96 (A).)
The elements of the offence of reckless driving are: "That the accused (i) recklessly (ii) drove (iii) a vehicle (iv) on a public road". (See Milton (*op cit* at 38 G3/54).)
Section 120(2) of the Act provides that for the purposes of this section recklessness, in addition to its ordinary meaning, includes the driving of a vehicle "in wilful or wanton disregard for the safety of persons or property". Reckelssness in its ordinary meaning is a high degree of negligence. (See Milton (*op cit* at 39 G3/56).)
The driving of a vehicle on a public road is an element common to both offences. Similarly the *mens rea* required in both offences is, or may be the same.
The only element of the offence of drunken driving which the State is not required to prove in a charge of reckless driving is that the accused was under the influence of liquor or drugs at the time he was driving. However, as pointed out, in the analysis of the cases above, in order to establish that the accused was under the influence of liquor the State must establish that his skill and judgment were impaired to the extent that he was not capable of driving the vehicle with the necessary care. Driving in such a condition is in itself a reckless/negligent act. (Which of the two will depend on the degree of impairment.)
Although it is quite correct that it is not necessary for the accused to have manifested any particularly aberrant driving action for him to be convicted of the offence of drunken driving and in that sense that a negligent manner of driving is not an essential element for the State to prove (see ***S v Collington*** 1970 (4) SA 325 (R)) nevertheless the State must at least prove that he drove in a drunken condition negligently. The more aggravated the impairment of faculties as a result of the intake of liquor or drugs, the higher the degree of negligence of the offending driver.

The magistrate in the instant case in my view erroneously holds the view that what the statutory offence attempts to prevent or punish is a

> condition. It is not the condition of drunkenness which the offence is designed to punish but the action of driving while in such condition.
>
> The common thread running through the above mentioned judgments dealing with the question of the duplication of convictions on these two offences seems to be that drunken driving involves proof of an impairment of faculties which in turn relates to the manner in which the accused is capable of driving. If there is any impairment of faculties therefore, that act of driving in such a condition is a negligent/ reckless act. Any driving thereafter in a manner which deviates from the norm of a reasonable man because of this impairment is therefore, in my view, a continuation of the initial negligent act."

Met die uiteensetting en logika kan myns insiens nie fout gevind word nie.

[8] Dit behoef op grond van die voorafgaande, toegepas op die feite van die onderhawige, geen verdere toeligting vir die konklusie dat die skuldigbevinding inderdaad 'n vermenigvuldiging van skuldigbevindings is nie.

[9] Die gevolgtrekking op die meriete van die skuldigbevindings affekteer ook die vonnis en behoort 'n gepaste vonnis opgelê te word.

[10] Die volgende bevele word gemaak:

1. Die skuldigbevinding en vonnis op klagte 1 word bekragtig.

2. Die skuldigbevinding en vonnis op klagte 2 word tersyde gestel en vervang met die volgende:

**Onskuldig en ontslaan.**

**G. VAN COPPENHAGEN, R**

**EK STEM SAAM**

**G.F. WRIGHT, R**

/scd